# LAERSKOOL BEAUMONT

Geagte Ouers 12 Januarie 2012

**1. VERWELKOMING**

'n Hartlike woord van verwelkoming word gerig aan al ons ouers en leerders, veral diegene wat vanjaar by ons aangesluit het. Ons vertrou dat 2012 'n baie goeie jaar vir almal sal wees, en dat u 'n positiewe bydrae sal lewer tot die sukses van ons skool en al sy aktiwiteite.

Die volgende personeellede het vanjaar by ons aangesluit:

- Mev J Trinchero in Graad 3E1
- Mev L Kotze in Graad 3E5
- Mej D de Neef in Graad 5E3
- Mnr W Burger in Graad 7E1
- Mev H Seele in Gr 6E2
- Mev C Govana in Gr R (assistent)
- Mej L Uys in Gr 1A (assistent)

Ons vertrou dat hierdie opvoeders hul onderwysloopbaan by Beaumont sal geniet en dat die leerders sal baatvind by hulle kundigheid en bydraes.

Mev Saayman (Graad 2A2) sal nie meer 'n registerklas onderrig nie, maar sy sal akademiese leiding aan alle Grondslagfase-klasse bied. Daar is ook heelwat interne veranderinge wat ons personeel aan betref.

- Mev G Murphy skuif van Gr 1E4 na Gr 2E5
- Mej L Newton-Foot skuif van Gr 3E5 na Gr 1E4
- Mev B Engelke skuif van Gr 3E1 na Gr 2E2
- Mev C Sephton skuif van Gr 5E3 na Gr 4E5
- Mnr B van Wyk skuif van Gr 7E3 na Gr 5A
- Mev S Steyn skuif van die rekenaarklas na Gr 6E5
- Mnr P van der Bergh skuif van Gr 6E2 na Gr 7E3

**2. INSKRYWINGS**

Die leerders het reeds sedert Woensdag 11 Januarie 2012 baie mooi aangepas en al die klasse is goed voorbereid vir die nuwe akademiese jaar. Die Graad R en 1-leerders voel reeds baie tuis by Beaumont en dit is grootliks te danke aan verlede November se Oriënteringsdag waar hulle vertroud gemaak is met hul nuwe leeromgewing. Ons het 34 leerders in Gr R ingeskryf, 171 in Graad 1, asook 'n verdere 64 vanaf Graad 2 tot Graad 7. Ons totale inskrywingsgetal vir vanjaar is 1153. Dit is bemoedigend om te weet dat ons klasgroottes van 21 - 31 leerders wissel, 'n situasie wat onderrig 'n aangename taak by Beaumont maak. Ons Afrikaanse getalle neem steeds toe en dit voorspel 'n goeie toekoms op hierdie gebied.

**3. KO-KURRIKULêRE PROGRAM**

Elke leerder het Woensdag 'n afskrif van die ko-kurrikulêre program vir die eerste kwartaal ontvang. Buitemuurse bedrywighede sal op Woensdag 18 Januarie 2012 begin. Hou asseblief hierdie program in gedagte wanneer u u eie program rondom u kind se oefen- en wedstrydtye beplan. Dit is ons wens dat elke leerder aan ten minste een somer- en een wintersport of kulturele aktiwiteit wat by Beaumont aangebied word, sal deelneem. Dit is belangrik dat al ons kinders 'n gebalanseerde program by die skool volg sodat hulle talente ontwikkel kan word. Spesiale Beaumont-pette/hoede kan by die klerebank aangekoop word. Ons wil al ons leerders ten sterkste aanmoedig om die pette/hoede gedurende pouses en tydens sportoefeninge/-wedstryde te dra. Die spelers sal nie toegelaat word om aan wedstryde deel te neem indien hulle nie hoede / pette dra wat by die klerebank verkrygbaar is nie.

**4. OUER KWARTAALBEPLANNER**

U kind het vandag 'n ouerkwartaalbeplanner vir u aandag ontvang. Dit bevat waardevolle inligting in verband met vergaderings, funksies en gebeure waarin u sal belangstel. Hou dit asseblief in gedagte wanneer u u persoonlike beplanning doen. Ongelukkig het ons nog nie al die datums vir sommige van die sportwedstryde en byeenkomste ontvang nie, maar dit sal gedurende die kwartaal via die tweeweeklikse nuusbrief aan u deurgegee word. Alle programme is ook op ons skool se webtuiste onder die "downloads"-afdeling beskikbaar. Ons skool se webtuiste adres is www.beaumont4u.co.za.

**5. BEAUMONT COMMUNICATOR**

**Alle leerders in Gr R, Gr 1 (Engels en Afrikaans) asook nuwe leerders van Gr 2-7 het 'n Communicator laserskyf ontvang. Laai asseblief die nodige inligting af. Die Communicator sal u op hoogte hou van alle gebeurtenisse wat by Beaumont plaasvind – maak asseblief van hierdie diens gebruik. NADAT U DIE NODIGE INLIGTING VAN DIE SKYF AFGELAAI HET, WORD U VRIENDELIK VERSOEK OM DIT NA DIE SKOOL TERUG TE STUUR. INDIEN U NOG NIE IN BESIT VAN 'N SKYF IS NIE, MOET U ASSEBLIEF EEN AANVRA VANAF ONS SEKRETARESSE.**

**6. SKOOLGELD / MUSIEKGELD**

Skoolgeld vir 2012 beloop R905 per maand per kind vir 12 maande (totaal R10 860-00) en betaling kan per debietorder, kredietkaart, internet of kontant geskied. Diegene wat vroegtydig hul skoolgeld ten volle betaal, sal 'n 7% afslag (R10 100,00) of 'n afslag van 3,5% oor 6 maande (2 x R5 240-00) ontvang. Om vir hierdie afslag te kwalifiseer, moet die betalings die skool teen 29 Februarie 2012 en 31 Julie 2012 bereik. Betaling van skoolgeld is verpligtend en ons moedig alle ouers aan om hul finansiële verpligtinge vroegtydig na te kom. Een van die beste beleggings wat u kan maak, is verseker in u kind se toekoms.

Ouers wat vir gedeeltelike of volle vrystelling van skoolgelde wil aansoek doen, moet dit voor die einde van Januarie doen. Kontak asseblief die finansiële kantoor (Margi van de Merwe) vir meer inligting of indien u die nodige vrystellingsvorms benodig. Alle aansoeke vir gedeeltelike/volle vrystelling sal streng vertroulik hanteer word.

Musiekgeld vir 2012 is R525-00 vir groeponderrig en R600-00 vir indiwiduele onderrig per kwartaal. Musiekgeld vir die eerste kwartaal is betaalbaar teen die einde van Januarie 2012. Lesse sal 'n aanvang neem sodra die musiekgeld betaal is.

Alle leerders wat voorheen musiekonderrig ontvang het en wat wil voortgaan met onderrig by Beaumont, moet die Musiekdepartement direk nader. Graad 2-leerders wat wil begin met blokfluit- en vioolonderrig in 2012, moet ook onmiddellik die Musiekdepartement kontak. Neem asseblief kennis dat daar 'n waglys is.

**7. NASORGFOOIE**

Nasorgouers moet asseblief kennis neem van die betalingstruktuur vir Nasorgfooie vir 2012 wat voltydse en deeltydse sorg aan betref.

- 1 betaling per kwartaal - moet teen 31 Januarie 2012 ten volle ontvang wees
- 2 betalings per kwartaal - eerste betaling teen 31 Januarie 2012
  - tweede betaling teen 29 Februarie 2012
- 3 betalings per kwartaal - slegs per maandelikse debietorder beskikbaar

**8. ANDER FINANSIëLE NUUS**

Verskeie privaat aktiwiteite, bv. Ballet, Spraak en Drama, Kunsklub, Arbeidsterapie, Spraakterapie, Fiksheid en Genot, ens. word by Beaumont aangebied. Ons wil u vriendelik versoek om betalings vir hierdie aktiwiteite DIREK AAN DIE BETROKKE PERSONE te maak by wyse van 'n direkte deposito of via u kind. Kontaknommers verskyn op die ko-kurrikulêre program. Die skool aanvaar geen aanspreeklikheid vir hierdie geld nie.

**9. BEAUMONT-OUERVERENIGING: JAARLIKSE ALGEMENE VERGADERING**

Die Jaarlikse Algemene Vergadering van die Beaumont Ouervereniging sal op **Woensdag 25 Januarie 2012 om 19:30** in die skoolsaal gehou word. Ons wil u aanmoedig om die vergadering by te woon aangesien ons terugvoering sal gee oor projekte wat in 2011 plaasgevind het, nuwe lede gaan verkies om op die BOV te dien vir 2012 en ons sal ook vir u 'n idee gee van wat ons vir 2012 beplan. Ons het die grootste waardering vir hierdie groepie ouers wat ons skool dien en ons sien uit na nog 'n suksesvolle jaar in terme van projekte wat deur hulle aangepak gaan word.

**10. VERLORE ITEMS**

Merk asseblief alle items, bv. klere, skoene, sportsakke en –toerusting met u kind se naam, van en graad. Indien items nie gemerk is nie, kan dit nie terugbesorg word nie. Ongemerkte items sal by die tweedehandse klerebank verkoop word. Alle verlore goedere kan Vrydae van 12:45 – 13:15 afgehaal word (langs die Tegnologiekamer)

**11. TWEEWEEKLIKSE NUUSBRIEWE**

Ons wil u daaraan herinner dat tweeweeklikse nuusbriewe voorberei word in 'n poging om u op hoogte te hou van gebeure in en om die skool. Dit word elke tweede Donderdag via e-pos huis toe gestuur. Ouers wat nie toegang tot Internet het nie, sal 'n gedrukte nuusbrief ontvang. Ons wil u dringend versoek om 'n spesiale poging aan te wend om die nuusbriewe te lees. Dit bevat waardevolle inligting wat u aandag vereis. U word ook uitgenooi om die skool se webtuiste te besoek: www.beaumont4u.co.za.

**12. TAG – A-LONG ETIKETTE**

Dit is noodsaaklik dat nuwe somerklere, kosblikke, waterbottels, nuwe skryfbehoeftes vir 2012 ens. duidelik gemerk is sodat verlore goedere aan hul regmatige eienaars terug besorg kan word. Tag–A-Long en Beaumont span weereens saam om 'n reeks etikette hiervoor te voorsien en terselfdertyd fondse vir die skool in te samel. Tag-A-Long is ook gelys onder "Business Names" in die Beaumont Besigheidsondersteuningsklub. Beaumont ontvang 'n persentasie van alle bestellings en onderneem om alle gemerkte goedere aan leerders terug te besorg. Voorbeelde van die etikette is by Elmarie in die klerebank beskikbaar. Vir verdere inligting kontak Karen Snyman by karensnyman@telkomsa.net of 082 925 9988

**13. SANDWICH SPREAD**

Beaumont was oor die afgelope paar jare betrokke by die "SANDWICH SPREAD"-projek. Dit was 'n uiters suksesvolle projek en het getoon dat ons tog 'n verskil kan maak aan die lewens van die leerders by Laerskool Macassar. Graag wil ons ons nuwe ouers, asook diegene wat voorheen nie by die projek betrokke was nie, van die volgende bewus maak:

Deur 'n ekstra toebroodjie op Vrydae skool toe te stuur, help u om 'n honger kind te voed. Die toebroodjie kan die volgende bevat: Marmite, Bovril, vissmeer, grondboontjiebotter, konfyt, kaas of koue vleis. Sny asseblief die toebroodjie in die helfte deur en draai dit dan in toebroodjiepapier, foelie of kleefpapier toe.

Ons wil ook beklemtoon dat ons nie net vir 'n ander skool se leerders sorg nie, maar ook vir sommige van ons eie leerders wie se ouers deur uiters moeilike tye gaan. Wees asseblief verseker dat u toebroodjie wel 'n verskil sal maak aan die lewe van 'n honger kind.

**14. HERWINNING BY BEAUMONT**

Hallo aan al ons 2012 ouers, en 'n spesiale woord van verwelkoming aan al ons nuwe ouers wat vanjaar deel van die Beaumont- familie geword het.

As 'n Eco skool is ons verbind tot herwinning op verskeie maniere, naamlik: Die oranje iglo's vir papier en die groen plastiekdromme op die skoolterrein, verkeersknope tydens Maandagoggende se herwinning (baie dankie vir u geduld daarvoor), leerders wat sakke vol blikke, bottels, plastiek en tydskrifte skool toe bring, onderwysers wat leerders deur middel van notas in hulle huiswerkboeke herinner aan herwinning en kompetisie uitslae in die skool se nuusbriewe, om maar net 'n paar van hierdie aksies te noem. Ons wens is dat al bogenoemde aksies 'n aansporing vir ons leerders en ouers sal wees om deel te neem aan ons herwinningsprojek. Baie dankie aan almal wat alreeds die afgelope paar jare die gewoonte aangeleer het om 'n bydrae tot herwinning te lewer.

Ons herwinning word in samewerking met Wasteplan (die Stad Kaapstad se sub-kontrakteur wat verantwoordelik is vir die versameling en verwydering van herwinbare items in ons dorp) gedoen, wat ons glas, blikke en plastiek elke Maandag verwyder, en met Mondi wat elke tweede week ons papier en tydskrifte verwyder.

**ONS UITDAGING AAN BEAUMONT SE FAMILIES:**

Gedurende Januarie 2011 het slegs 35% van Beaumont se families hulle herwinning deur middel van die skool gedoen en ons het R33 000 ingesamel. Teen die einde van verlede jaar het hierdie persentasie verhoog tot 75%, en het ons 'n bedrag van R46 000 vir die jaar ingesamel met die herwinningsprojek. Ek is seker dat u met my sal saamstem dat dit 'n groot potensiële inkomste vir die skool is indien ons ons volumes kan vermeerder. Ons wens is dat hierdie persentasie verder sal styg tot ten minste 80% aan die einde van 2012. Ons wil dus die versoek aan al ons leerders en ouers rig, wat nog steeds hulle herwinbare items op die sypaadjie plaas, om dit asseblief in die toekoms elke Maandag skool toe te bring. Die inkomste wat ons hiervoor vanaf Wasteplan ontvang, is letterlik vir "vuilgoed" wat ons sou weggooi. Deur hierdie "vuilgoed/items" te herwin lewer ons elkeen 'n bydrae tot ons omgewing, verhoed ons dat hierdie groot volumes op die Plaaslike Owerhede se stortingsterreine beland, en kan ons hierdie fondse gebruik vir verbeterings by ons skool.

STAP 1: Plaas u huishoudelike herwinbare items in die deurskynende Wasteplan plastieksak. (Swart vullissakke is ook aanvaarbaar.)
STAP 2: Op Maandagoggend – Bring die sak skool toe na die versamelpunte in Onse Jan Weg of na die ingang by die tennisbane tussen 07:30 en 08:00. Ouers van die herwinningspan sal u behulpsaam wees
STAP 3: : Neem 'n leë sak (maksimum 2 per gesin) om te vul vir die volgende week.

So maklik soos dit! Ons neem dit alles in een sak!! Moenie dit op u sypaadjie laat nie – bring dit vir ons!

******* Indien (slegs indien) u die herwinbare items kan sorteer, vra ons asseblief die volgende van u:*******
Groot hoeveelhede glas moet asseblief apart gebring word en in die groen plastiekdromme geplaas word.

Ons ontvang 'n beter prys per kilogram vir papier van Mondi. Indien dit vir u moontlik is om te sorteer, versoek ons dat papier, telefoongidse en tydskrifte in die oranje Mondi iglo's geplaas word. Dit geld ook vir groot volumes wat gebring word.

| WAT KAN EK HERWIN? | |
|---|---|
| *PLASTIEK | bv. skoonmaakmiddels- en waterbottels, kosbakkies, joghurt bakkies, vleisbakkies ens. Spoel alle items uit, verwyder deksels en druk alle bottels plat. |
| *BLIKKIES | Spoel koeldrank- en kosblikkies uit. |
| *GLAS | Spoel bottels en flesse uit. |
| *TETRAPAK | Saphouers en melkhouers met foelie uitgevoer. |
| *TYDSKRIFTE | Insluitend glanspapier. |
| *PAPIER | Koerante, kantoorpapier, telefoongidse, platgedrukte dun karton (ontbytgraan/eierdose) |
| *KARTON DOSE | Plat gedruk |
| *POLISTIREEN HOUERS | |
| *BATTERYE | |

Baie dankie dat ons op almal se samewerking kan staatmaak, nie net om ons volumes en inkomste te verhoog nie, maar om ook 'n ingesteldheid by ons kinders te kweek vir die belangrikheid van herwinning!!

Navrae : Rone Frylinck by 083 2255 754 Sandra Bothma by 082 850 6745 BAIE DANKIE!

**15. BIBLIOTEEK**

Die biblioteek word nog steeds as 'n klaskamer gebruik tot tyd en wyl die nuwe geboue voltooi is (22 Maart 2012). Leerders sal slegs na skool die bilioteek kan besoek.

Aangesien dit nie moontlik sal wees om boeke tydens klastyd uit te reik en terug te besorg nie, asook om fotokopieë te maak nie, wil ons u vra om die leerders aan te moedig om die biblioteek na skool te besoek.

**16. ALGEMEEN**

- Gr R gaan dwarsdeur die jaar om 12:30 huis toe.
- Graad 1 – 2 gaan om 13:00 huis toe terwyl Graad 3 – 7 om 14:15 huis toe gaan.
- Die Beaumont Klerewinkel sal elke Dinsdag en Donderdag van 13:00 – 14:30 oop wees.
- Verlore goedere mag Vrydae vanaf 12:45 tot 13:15 afgehaal word.

**17. BELANGRIKE DATUMS**

**Raadpleeg asseblief die Kwartaalbeplanner vir die Eerste Kwartaal vir besonderhede. Indien u nie een ontvang het nie, kan u gerus die webtuiste besoek of 'n nuwe gedrukte kopie van die sekretaresse se kantoor verkry.**

| | | |
|---|---|---|
| Donderdag 12 Januarie | : | Grondslagfase Oueraand in die skoolsaal (Gr R-3) om 18:30, daarna vergadering in u kind se klaskamer |
| Vrydag 13 Januarie | : | Massa Atletiekprogram asook swemuitdunne |
| Maandag 16 Januarie | : | Gr R gaan vanaf vandag om 12:30 huis toe |
| | : | Gr 1 gaan vanaf vandag om 13:00 huis toe |
| | : | Gr 1 foto's |
| | : | Massa Atletiekprogram en swemuitdunne |
| | : | Gr 5 kamp by Simonsberg (dogters) tot Woensdag |
| | : | BOV-vergadering om 19:15 |
| Dinsdag 17 Januarie | : | Massa Atletiekprogram en swemuitdunne |
| | : | Ouervergadering in die skoolsaal vir Gr 4, 6 en 7 om 18:30, daarna vergadering in u kind se klaskamer |
| Woensdag 18 Januarie | : | Gr 5 kamp by Simonsberg (seuns) tot Vrydag |
| | : | KO-KURRIKULêRE PROGRAM BEGIN VIR GR 1-7 |
| Donderdag 19 Januarie | : | Beheerliggaamvergadering om 18:30 |
| Vrydag 20 Januarie | : | Tennis uitdunne toernooi (na skool) |
| Saterdag 21 Januarie | : | Avontuurklub: Helderberg staptog |
| Maandag 23 Januarie | : | Gr 7 uitstappie na Rocky Seashore |
| | : | Interhuis Atletiek Velditems (na skool) |
| Dinsdag 24 Januarie | : | Interhuis Atletiekbeenkoms gedurende skoolure |
| | : | Gr 5 ouervergadering in die skoolsaal om 18:30, daarna vergadering in u kind se klaskamer |
| Woensdag 25 Januarie | : | Gr 2-7 indiwiduele foto's |
| | : | Gr 7 uitstappie na Rocky Seashore (Gr 7A) |
| | : | Junior en Senior Koor Inligtingsvergadering vir ouers in skoolsaal om 18:00 |
| | : | BOV Algemene Jaarvergadering om 19:30 in skoolsaal |
| Donderdag 26 Januarie | : | Gr 4-7 Interhuis Swemgala (tydens skoolure) |
| | : | Gr R en 1 piekniek op die sportveld om 18:00 |
| | : | Senior Koorkamp |

Vriendelike groete

MNR G REDDELL
SKOOLHOOF

01/2012